

---

# Zip!

NATANIËL (HUMAN & ROUSSEAU)


Om Nataniël in lewende lywe te sien is nogal 'n ervaring. Die man is flambojant, eksentriek en skouspelagtig. Sy vertonings is gewoonlik 'n kombinasie van liedere en danse wat met 'n deurlopende storielyn en ander anekdotes saamgebind is.

Dit is dikwels skreeusnaaks. En soms ook tragies. Nataniël se waarnemings oor uitgewekenes en randfigure is so geloofwaardig dat 'n mens dikwels wonder of hulle fiktief is of werklik bestaan. Dit is, vir my, die hoogtepunt van sy vertonings: Die stories. Want hoewel Nataniël 'n knap musikant is, is sy forte eintlik sy stories.

Ek het die eerste keer met Nataniël se woorde op papier te doen gekry met 'n dunnerige boekie getiteld *Rubber*, wat ek as student jare gelede uit nuuskierigheid aangeskaf het. Dit is vandag steeds 'n boekie wat ek gereeld afstof.

*Zip!* is 'n versameling vignettes en stories uit Nataniël se vele verhoogvertonings – 'n volle 41 van hulle; 27 in Afrikaans en 14 in Engels. En weer is die deurlopende draad Nataniël se tragikomiese waarnemingsvermoë en droë humor.

Daar is die storie van Pitte, die laventelhaan, wie se



ydelheid hom uiteindelik met niks laat nie. Daar is ook verskeie (fiktiewe?) anekdotes waarin Nataniël as die sentrale karakter verskeie sosiale verknorsings moet oorleef. Hy dryf ook die spot met homself in dié stories. “Dit was vir almal duidelik dat ek private verblyf moes kry, 'n manskoshuis sou net lei tot moleste,” skryf hy in “'n Ding met 'n fluit”.

In die titelverhaal leer ken die leser vir Stroop, 'n groot spekskieter, en sy skaam vrou, Gister. Soos in sy ander verhale word

dié randfigure met gelyke hoeveelhede empatie en humor ingekleur.

'n Mens lag soms hardop vir Nataniël se beskrywings. Sy bejaarde dansinstrukteur word beskryf as iemand met “hare wat lyk asof hy al baie elektrisiteit ontvang het en los lippe soos 'n hond agterop 'n bakkie”. 'n Weduwee met swak smaak se trourok is “'n skepping van pienk en geel blokkies, sy lyk soos 'n groot pak NikNaks”.

In elkeen van dié verhale is Nataniël se unieke stem hoorbaar en daar is telkens 'n wysheid of twee, by monde van sy ma of ouma, wat opduik in sy vertellings oor dorpies en vreemde bure of familieledede. – **Riaan Grobler**

## Die dood van 'n goeie vrou

CHRIS KARSTEN (HUMAN & ROUSSEAU)

Met die lees van die Abel-trilogie van Chris Karsten nog vars in my geheue kon ek my geluk nie glo toe sy nuwe boek, *Die dood van 'n goeie vrou*, op my lessenaar beland nie. Ella Nesar, die speurder wat daarin kon slaag om ('n baie onstabiele) Abel vas te trek, is dié keer op die spoor van die moordenaar van Clara Heyns, voorbeeldige moeder van twee en weldoener. Clara se lyk word met engelvlrke aan gevind. Dis egter nie net die moord wat Ella hoofbrekens besorg nie; haar romanse met Lou Pepler wankel en by die kantoor gaan dit nie veel beter nie.

Karsten se jongste boek hou jou aandag net soos al sy vorige boeke en glo my, jy krap saam kop oor wie Clara vermoor het. Met elke nuwe leidraad was ek oortuig ek



weet wie die skuldige is, maar ek is gou-gou op my plek gesit. Jy gaan verras word deur wie die eintlike moordenaar is en nog meer deur die onverwagse held, wat tot Ella se redding kom.

Die boek bied ideale vakansieleesstof en ek kan min fout daarmee vind. Ja, ek wonder steeds 'n bietjie oor Fred Lange, Ella se kollega, en hoekom sy ooghare vir haar maar min is. Dalk is daar 'n dieper storie, of dalk is dit maar net 'n goeie skoot chauvinisme wat sy normaalweg helder denke vertroebel. Dit doen egter nie afbreuk aan die boek nie en die feit dat nog 'n boek op pad is, is meer as genoeg om hiervoor te vergoed.

En hoe weet ek dit? Want 'n heerlike kinkel wag vir jou! – **Reza van Rooyen**

# Vir die voëls

FRANÇOIS BLOEMHOF (JASMYN)

*Vir die voëls* is vol verrassings en ontlok talle emosies – dit is soms skreeusnaaks; ook hartroerend; en een of twee verrassings laat ’n bitter nasmaak.

Met die eerste oogopslag lyk dit soos ’n ligte, romantiese komedie wat die gesin sal vermaak. Maar lesers (en kykers van die gelyknamige flik) kan maar sneesdoekies nadertrek. Ernstige temas soos alkoholmisbruik en oorlog help die karakters ontwikkel en ’n storie wat amper te vergesog klink om waar te wees word geloofwaardigheid gegee.

Hierdie roman is gegrond op die draaiboek deur Tina Kruger, Sean Robert Daniels en Quentin Krog van die flik wat *Huisgenoot* ter viering van sy 100ste verjaardag gemaak het. Soos ’n mens van ’n goeie *Huisgenoot*-storie kan verwag, is die boek en die flik niks anders as ’n “ware lewendrama” nie.

Die stofomslag kom kompleet met voorbladprikke met beloftes van wat jy in die boek kan verwag, maar nes die ietwat komiese foto van Sampie de Klerk (Francois Jacobs) en Irma Humpel (Simoné Nortmann) soos hulle



in die flik lyk, verklap dit net die ligte sy van die verhaal.

Irma en Sampie het hul liefdesverhaal as die kortverhaal “Slim vang sy baas” met *Huisgenoot* gedeel en die draaiboek is eindelijk daaruit geskryf. Bloemhof het hier en daar ’n bietjie bygewerk en minder gemaak, maar dit is steeds Irma en Sampie se storie.

Talle mense wil soms eers ’n boek lees voordat hulle by die rolprentteater instap, maar omdat Bloemhof dit na aanleiding van die draaiboek geskryf het, is dit aan te beveel om dié gewoonte hierdie keer te versaak. Die flik is as ’t ware die eerste afspraak en in die roman “leer julle mekaar beter ken”.

Keurige en gemaklike taalgebruik laat die storie gemaklik vloei en aanhangers van die flik sal dit geniet om Sampie en sy gedagtestrominge beter te leer ken. Irma is ’n ou siel vir haar jare, maar haar gedagtegang voel in haar jonger jare soms net te volwasse en kom aanvanklik effe ongeloofwaardig voor. – **Annami Mailovich**


# Dorado

TOM DREYER (PENGUIN)

Tom Dreyer is terug – en hy is terug met mening. *Dorado*, wat ook in Engels as *The Long Wave* uitgegee word, is Dreyer se eerste roman sedert *Equatoria*, wat in 2006 uitgegee is.

Die verhaal handel oor Gilbert du Toit, ’n pakhuiswerker van Kuilsrivier, wat begin om ligstrale en vlieënde visse – spesifiek dorado’s – te sien ná sy pa se dood. Ek moet bieë: Toe ek die verhaal begin lees het, het ek gedink die skrywer verwys na werklike vlieënde visse en nadat ek gaan oplees het oor dorado’s het ek besef ek is in vir ’n ding!

Gilbert pak sy Ford Capri en Ganet-karavaan en volg die visse na waarheen hulle hom ook lei. Op sy pad ontmoet hy ’n magdom interessante karakters, onder andere Die Howlers. Dis ’n obskure orkes wat uit eks-tronkvoëls bestaan en hom lei na Die Groot-Karoo Padstal en Fossielpark, waar hy kennis maak met die eksentrieke Harold en Luke MacClear. Later, in Kaapstad, ontmoet hy ook vir Katy, ’n meisie wat in sy hart kruip.



Een van die skrywer se sterk punte is die uitmuntende karakterisering van randfigure (soms effens obskuur) wat hy uitstekend verwerk het in *Stinkafrikaners* en *Erdvarkfontein*. Die Karoo speel ook weer ’n sentrale rol.

Dreyer speel voortdurend met die leser, wat dobber tussen realiteit en Gilbert se droomwêreld.

Die leser voel mettertyd of hy sy eie bestaan bevraagteken, met die hoofkarakter se skynbare eksistensiële krisis gevul met visioene wat die verhaal voortdrijf.

*Dorado* is soms skreeusnaaks, maar die leser ervaar ook meegevoel vir die hoofkarakter soos die verhaal ontvou en Gilbert se agtergrond en kinderjare duideliker word. Dieselfde geld Katy, asook vir Rory van Die Howlers.

*Dorado* verteenwoordig ’n welkome terugkeer vir Tom Dreyer en ek hoop lesers hoef nie weer tien jaar te wag vir sy volgende roman nie. – **Johan Smith**

---

# waar die oog van stil word

ILSE VAN STADEN (PROTEA BOEKHUIS)



Hierdie is die bekroonde Ilse van Staden se derde digbundel. Met die eerste oogopslag skep die omslag in tinte van blou 'n gevoel van uiterste sintuiglikheid. Dis of die leser 'n esoteriese sfeer binnegaan met die wete dat die kalm en kalmerende seebeeld, én die toeganklike skryfstyl, bedrieglik kan wees. In “pacificum oceanus” is daar weliswaar 'n waarskuwing dat passie en vrede wat so “see-saam” en “vreedsaam” voorkom, net die “nat droom” van digters is (bl. 45).

Te midde van die blou verskyn “stil” opvallend in wit op die voorblad wat die aandag van die

leser vra. Terselfdertyd is daar 'n oneindigheid aan die blou wat verteenwoordigend is van die ewige lug en die onmeetbare see. Blou lug en blou see word verder 'n samevloeiende, onpeilbare oneindigheid wat die oog noop tot stilword.

Van die eerste gedigte weerspieël die verwerking van menslike verlies met 'n vervlegting van skitterende natuurbeelde. Tog bly die berge en die water en die digter skep 'n magiese wêreld met natuurelemente, natuurwesens en prehistoriese diere.

'n Voortdurende wisselwerking tussen skepping en die kreatiewe skryfproses is te bespeur. Baie strategies is die aanvangsgedig geplaas met sy ewe gepaste titel, “oopmaakgedig”. Dan volg “die boot van beenwit woorde”.

Poësie en natuur dien ook as veilige ruimte vir die digter in twee uitsonderlike kwatryne. Op bl. 17 kruip die digter na die beskermende “buidel” van haar gedig, wetende dat sy eendag sal stil word in die see (bl. 51).

Sintuiglike waarneming staan sentraal en word gedra deur die baie verwysings na die oog, die tong en die oor. Die oog van die sikloon (bl. 52) dui op die kernaspek van die oog. Die sintuie-motief gee aanleiding tot werkwoorde soos “sien”, “hoor”, “droom” en “skryf”

en naamwoorde soos “blik”, “droom”, “winkbrou”, “wimpers” en dikwels “lig”.

Die indruk word gewek dat die digter doelbewus assosiatiewe patrone skep deur die herhalende woorde en klanke. Aansluitend by die “stil” op die voorblad is dié woord terugkerend in die meeste van die gedigte met variante soos “stip” en “stilte” (vergelyk “patrone van stilte”, bl. 30) sodat stilte ontwikkel tot 'n tema wat soms net gesuggereer word.

In kontras met die subtiele stilte, die wit en blou, word daar ook geskryf met “die swart inkt van kraaie” (bl. 39), terwyl swart voëls skel en lawaai (bl. 53). Teenoor die droomwêreld is daar ook die sikloon, wat tasbaar verwoes (bl. 52). Met hierdie jukstaponering word eenselwigheid teengewerk en nog 'n dimensie belig met die moontlikheid van geraas binne stilte. As stilte kan eggo, dan is stilte ook 'n geluid.

Kenmerkend van die bundel is die welige klank- en woordspel, asook visuele beelding soos in die pragtige “bloekoms, ogiesdraad” en “die blink reis van slakke” (I en II).

Hoewel die klankopstapelning vir sommige oordadig kan wees, het hierdie gedigte my aanvanklik soos 'n veer aangeraak en daarna op sleptou geneem.

– Marietjie du Plessis

# ELEKTRO-POP WAT OOK OOG VANG



**O**ns s'n is beter klink miskien na 'n besonder ambisieuse, selfs arrogante titel vir 'n nuwe groep se debuut-EP. 'n Mens dink onwillekeurig aan die Pretoriase musikant Donovan Honeyborne, wat sy eerste uitreiking Greatest Hits Vol. II gedoop het.

Met die eerste oeropslag besef jy die Kaapse duo Conrad van

Breda en Jana Oosthuizen, wat hulself Mymymy noem, se eerste versameling snitte het 'n sterk tong-in-die-kies-inslag. Dit duik duidelik op in die retro-synth-klanke wat hul digitale pop lei en nóg onmiskenbaarder in hul soms siniese, soms snydend satiriese lirieke. In "Net musiek" fluistersing Jana "maak dit saak watter akkoorde jy speel, solank jy net jouself kan

verbeel. Gee jy om dat ek dit sê, dis tog net musiek" voordat kleurvolle droom-synth-klanke op 'n tiekie geplaas word by die inskop.

Mymymy span uit die staanspoor ook visuele elemente in wat die musiek tydens optredes aanvul. Dis nie noodwendig 'n unieke benadering nie, maar die feit dat Mymymy dit self skep en nie bloot op generiese flitse en sketse steun nie, toon hoe deurslaggewend dit vir Conrad-hulle is.

"Dit is belangrik omdat musiek moet vermaak," vertel Conrad. "Veral popmusiek moet probeer om soveel moontlik sy gehoor te bevredig. Maar natuurlik moet dit (die beelde) die musiek komplementeer en bystaan, eerder as oorweldig. Ons projek sou nooit die visuele kon uitsluit nie."

Conrad trek die inspirasie daarvoor terug na die Britse rockers van Pink Floyd, wie se optredes sinoniem geraak het met laservertonings én omvattende stukke animasie en selfs fliks, wat onlosmaaklik deel van die musiek is.

Skeptici sal moontlik sê die hele punt van 'n optrede – dat die kuns voor jou oë opgetower word soos die musikante aan die klanktorings timmer – word misken wanneer vooraf afgehandelde visuele werke deel van die vertoning word. Dié soort gedagtegang skeel Conrad min. "Op die oomblik druk ons 'n

knoppie en 35 minute se materiaal begin speel; sonder enige inmenging van ons af,” sê hy. “Die materiaal is redelik lukraak en het nie noodwendig ’n direkte band met die liriek of liedjie nie. Dit is meer die skeep van tekstuur.”

Oor wat as visuele werk van gehalte beskou moet word, het Conrad ’n soort filosofies-praktiese benadering. “’n Goeie konsep beteken soveel meer as *fancy colour gradings* en duur ligte. Ek is seker mense sal daarna kyk en dink dit lyk goedkoop, en dis oukei. Wat ons wel wil hê, is ’n band met die kykers en ’n produk wat onself roer.”

Al word die visuele elemente nie geskep om noodwendig direk met die musiek in gesprek te tree nie, kan daar ’n parallele lyn getrek word met Mymymy se lirieke. Conrad sê: “Dis bloot ’n uitvloeisel van ons persoonlikhede, dink ek. Skreiende pienk verf wat oor ’n rococo-dogtertjie se gesiggie loop, is byvoorbeeld seker tekenend daarvan, maar dis ’n produk van toeval eerder as ’n beplande strategie.”

Pink Floyd sing nie in Afrikaans nie en elektro-groepe vind die Afrikaanse musiekbedryf allermins ’n maklike dier om te tem. Tog het verskeie Afrikaanse groepe soos die hiphoppers van Bittereinder en die skokrockers van Volkspeler al met groot vrug klem geplaas op die trefkrag van visuele elemente. Wat kan ’n nuwe groep soos Mymymy dan doen om raakgesien te word?

“Daar is ’n paar gevestigde elektroniese groepe in Afrikaans... meestal mans, sover ek weet,” sê Conrad. “So, dit maak dit seker makliker vir ons om uit te staan omdat Jana se stem so anders klink en sy natuurlik en eerlik oorkom.

Daar is ’n paar opkomende groepe waarvan ek weet, maar niemand sing in Afrikaans nie, so dit bly vir ons ’n verkooppunt – of verteenwoordig dit ’n plafon? Die tyd sal leer.”

Inderdaad, om so vroeg voorspellings te wil maak oor kommersiële of kritiese sukses sal eintlik die arrogante ding wees vir ’n duo wat in hierdie stadium bloot bars van trots en opgewondenheid oor hul eerste uitreiking – ’n EP wat kreun van kreatiwiteit en oorspronklikheid.

En tog, so oorspronklik soos ’n mens ook te werk wil gaan, daar is

altyd plek vir ’n bietjie “leen”, aldus Conrad. Oor van die kuns-as-musiekvennootskappings wat hy pleeg, sê hy: “Ek het ’n paar ou *prints* van skilderye by die Milnerton-mark (in dié Kaapse voorstad) gaan koop waaroor ons verf laat loop en afgeneem het. Die idee is ’n amper direkte diefstal uit ’n sekstoneel in (die Kanadese fliemaker) Xavier Dolan se eerste flied, maar niemand kyk sy flieds hier nie, so ons is veilig...”

DEUR HENRY CLOETE



CONRAD VAN BRED  
EN JANA OOSTHUIZEN  
VAN MYMIMY OP DIE  
VERHOOG.

# LESBIËRLIEFDE KRY LYF



'N PAAR VROUESKRYWERS HET DIE LAASTE DRIE JAAR STERK LESBIËR-HOOFKARAKTERS AAN LESERS BEKENDGESTEL EN OP DIË MANIER HUL GENRES VERRUIM.

**S**y wou 'n stem gee aan 'n groep wat waarskynlik nie andersins 'n stem sou kry nie, sê Bettina Wyngaard, wat in die misdaadboeke *Vuilspeel* en *Slaafs* 'n bruin lesbiër as protagonis geskep het.

Nicci de Wee is 'n polisiekaptein wat uiters bekwaam is. Sy staan ook in 'n verhouding met 'n vroue-priester.

“Dat Nicci gay sou wees, was van die begin af 'n doelbewuste besluit,” sê Bettina. “Ek hoop meer skrywers sal dit waag om oor karakters wat alternatiewe of onkonvensionele keuses maak, te skryf. Ons praat nou spesifiek van seksualiteit, maar daar is hope ander leefstyle en keuses wat gerus maar oopgeskryf kan word. Soos poligamie, eko-bewustes wat *off the grid* lewe, alternatiewe godsdienste, ensovoorts.”

Celesté Fritze het vroeër vanjaar gedebuteer met *Verlorenkop*. Dit vertel van 'n vrou, Johanna “Jo” du Plooy, wat trou en kinders kry, maar deurentyd wroeg oor haar seksualiteit. Sy ontdek deur die lees van haar tante se dagboeke dié se lesbiër-oriëntasie.

## LESERREAKSIE


Hoewel Celesté en Bettina se boeke kort ná mekaar bekend gestel is, is hulle geensins die eerste Afrikaanses wat oor lesbiërliefde skryf nie. In 2013 verskyn Roney Warrington se *Oktober*, wat oor 'n fotograaf en haar minnares handel. Marlize Hobbs skryf oor lesbiërverhoudings in *Flarde* en *Score my 'n gwai*. Joan Hambidge skryf al lank in haar digkuns en satiriese romans oor liefdesverhoudings tussen vroue; só ook



Welma Odendaal in onder meer haar kortverhaalbundel *Getuie vir die naaktes*.

Bettina het geen negatiewe reaksie op haar boek gekry nie. “Dis waarskynlik omdat Nicci se seksualiteit net een aspek van die storie is,” sê sy. “As die storie lekker lees, sal lesers 'n skrywer groot vryheid toelaat met die skep van die karakters, ongeag die morele keuses wat die karakters maak.

“En ja, in Suid-Afrika word alternatiewe uitdrukking van seksualiteit nog grootliks as 'n morele keuse gesien. Die twee Nicci de Wee-boeke het bewys om oor gay karakters te skryf is nie 'n outomatiese doodsvonnis vir 'n skrywer nie, en hopelik spoor dit ander skrywers aan.”



“AS DIE STORIE LEKKER LEES, SAL LESERS 'N SKRYWER GROOT VRYHEID TOELAAT MET DIE SKEP VAN DIE KARAKTERS, ONGEAG DIE MORELE KEUSES WAT DIE KARAKTERS MAAK.”

Soos Celesté sê, daar was nogal 'n omgeswaai in die openbare houding sedert 100 jaar gelede toe haar een karakter, Christine Retief, begin dagboek hou het.

“Onder die Wet op Onsedelikheid sou homoseksuele mense vervolgd word vir sodomie, ‘onnatuurlike misdrywe’ en ander statutêre misdrywe,” sê sy. “Veertig jaar gelede was ‘gay’ 'n woord wat vrolik beteken het. Vandag kan gay mense trou en kinders hê, maar die kerk is steeds sku vir gay-huwelike. Vanweë Jo – wat in 'n kerkgaande huis grootgeword het – se geneigdheid tot introspeksie ervaar sy deurentyd 'n innerlike stryd tussen ‘goed’ en ‘kwaad’.”

### VERBETER BOEKE BEGRIP?

Kan fiktiewe gays help om vooroordele af te breek?

“Miskien, ja, maar op dieselfde manier wat enige randfiguur se storie sou kon help om vooroordele af te breek,” sê Celesté. “Daar is lesers wat my verstom met hul eerlikheid en vertel dat hulle *Verlorenkop* vir 'n familielid gekoop het met die hoop dat die persoon dit sal lees en meer empatie met 'n alternatiewe leefstyl sal aanleer.

“As jy 'n gemoedsbeklemming oor gay karakters het, gaan jy mos nie die boek lees nie, tensy iemand dit dalk vir jou as geskenk gee. Dalk reageer lesers met empatie; beleef selfs 'n skok van herkenning omdat die hoofkarakter se wroeging oor meer as gaywees gaan.

“Ek dink dit was Hennie Aucamp wat gesê het dat jy deur die verheerliking van andersheid jou van ander kan vervreem,” sê Celesté. “'n Karakter wil nie noodwendig haar andersheid in ander se kele afdruk nie, maar gay

vroue trotseer dieselfde uitdagings as heteroseksuele vroue. 'n Gay vrou kan immers ook die sprokie van 'n Griet beleef, 'n misdaad oplos en 'n sending na Antarktika lei. Elke verhouding is uniek en gay-verhoudings is kwalik ‘vreemd’.

“Ek sien myself nie as 'n kampvegter of aktivis vir bepaalde kwessies nie, ofskoon dit goed was om die boodskap oor te dra dat mense hulself dubbel kan kruisig lank voordat ander selfs kan dink om dit te doen. Ons leef betrokke; ons stories is betrokke en noodwendig in die Suid-Afrikaanse samelewing geanker.”

Bettina glo die karakters se uitbeelding is belangrik. “'n Karakter in wie die leser 'n renons ontwikkel, kan vooroordele versterk,” sê sy. “Die kuns is om 'n karakter te skep met wie die leser identifiseer sodat seksualiteit nie afbreek doen aan die universele, menslike ervarings van die karakter nie. Sodra die leser die karakter se menswees erken en aanvaar, skuif seksualiteit op die agtergrond.

“Boeke is 'n portaal waardeur die leser toegelaat word om die ‘ander’ te beleef. Die skrywer se plig is om daardie portaal en leefruimte so lewensgetrou moontlik te skep,” sê Bettina.

“Ek dink dis Hemingway wat gesê het dat elke druppel inks vergesel word van 'n druppel bloed wanneer hy skryf. Hoe jammer dan as dié opoffering nie gebruik word om jou lesers bekend te stel aan 'n kwessie waarmee hulle nie vertrou is nie.”

DEUR STEPHANIE NIEUWOUTD  
ILLUSTRASIES: MIEKE VAN DER MERWE